

Boodskap van die week: Gasvryheid

Ons skriflesing is die laaste gedeelte van Jesus se groot sendingpreek in Matteus. Jesus gee instruksies aan sy dissipels om hulle as apostels uit te stuur met die doel om 'n nuwe gemeenskap tot stand te bring. Hulle moet gereed wees om deur sommiges verwerp te word, sê Jesus. Hulle hoef egter nie bang te wees nie, want hulle is kosbaar vir God.

Matteus 10:40-42

40“Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.

41Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal 'n profeet se beloning ontvang; en wie 'n goeie mens ontvang omdat hy goed is, sal 'n goeie mens se beloning ontvang.

42Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sal sy beloning kry. Dit verseker Ek julle.”

Die een ding wat ons steeds nie nou mag doen nie, na verskeie maande in verskillende vlakke van *lockdown*, is om mense te ontvang in ons woonplekke. Suid-Afrikaners ken van onthaal. Ons is lief daarvoor om die voordeur oop te maak en vriende in te hou.

Maar wat is die verskil tussen om mense te onthaal, en om gasvry te wees?

Wanneer jy mense onthaal, sê jy: *“Ek wil jou met my huis, my kreatiewe dekor en my vaardighede in die kombuis, beïndruk.”*

Wanneer jy egter gasvry is, sê jy: *“My huis is 'n geskenk van my Meester. Ek gebruik dit soos Hy wil hê ek moet”.* So wat is die verskil? Gasvryheid gaan daarvoor om diensbaar te wees met dit wat ek het.

Onthaal verklaar subtiel: *“Hierdie huis is myne, dit is 'n uitdrukking van my persoonlikheid. Kyk daarna en bewonder dit.”* Gasvryheid fluister: *“Wat myne is, is joune.”*

Wat sê hierdie gedeelte oor God en Sy plan?

In die gestuurde gemeenskap, in die kerk, in die gemeente wat Jesus skep, voer gasvryheid die botoon. Gelowiges stel hulle oop vir mekaar en ontvang mekaar. Ons kan ook raaksien dat Jesus juis sy dissipels oor grense stuur na vreemde mense om 'n heel nuwe gemeenskap tot stand te bring.

Gasvryheid teenoor ander gelowiges in die gemeenskap, asook teenoor vreemdelinge, is 'n wesentlike deel van Jesus se sending. Wanneer ons gasvryheid teenoor mekaar betoon as gelowiges wat in 'n gemeenskap aan mekaar verbind is, dan is ons per definisie gasvry teenoor Jesus Christus.

Ons lewens en ons huise raak dan soos 'n kerkgebou. Enie iemand is welkom – ook hulle wat van ons verskil.

Om oor na te dink

Dink aan wie jy graag na jou huis wil nooi wanneer dit weer veilig is om so te maak. Hoe kan jy gasvry wees, sonder om te onthaal?

Het jy dit al oorweeg om 'n vreemdeling - iemand met wie jy nie normaalweg kontak sal hê nie, vir ete te nooi?

Aan watter kreatiewe maniere kan jy dink om die dissipline van gasvryheid te oefen in 'n tyd waarin ons sosiale afstand moet handhaaf?

Kyk 'n episode van die Netflix-reeks *The Kindness Diaries* en gesels met 'n familielid oor hoe dit jou laat voel.

Wees Anders...

...Want Jesus is Anders...